

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 5

14 Februarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

BEHEERLIGGAAMSVERKIESING
Baie dankie aan elke ouer wat opgedaag het om te stem. Sonder u teenwoordigheid sou ons die proses van vooraf moes begin. Ons wil sommer van die geleentheid gebruik maak om die twee uittredende beheerliggaamslede te bedank vir die groot taak wat hulle die afgelope twee jaar vervul het. U betrokkenheid was vir Laerskool Newtonpark van onskatbare waarde.

Baie geluk aan Kosta Camarinos en Bianca Prinsloo wat verkies is tot die beheerliggaam. Baie dankie dat julle bereid is om die groot taak te verrig.

TOELATING 2021: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of graad 1 in 2021 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

AFRIGTING VAN SPORTSOORTE
Ons wil ‘n versoek rig aan enige ouer(s) wat kan help met hoogspringafrigting, of ‘n betroubare persoon kan aanbeveel om ons so spoedig moontlik by die kantoor te kontak. U hulp in dié verband word opreg waardeer.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet asseblief vir my wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

VALENTYNSTENNISAAND
Ons herinner u aan ons valentynstennisaand wat vanaand om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos met elke tennisaand, sal kos en koeldrank te koop wees. Daar is ook ‘n paar verrassingspryse op die spel.
Kleredrag vir die aand: rooi en wit
Inskrywingsfooi: R30 per paar

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOL
Ons wil alle ouers vriendelik versoek om u kinders betyds by die skool af te haal. Die skool kom tans uit om 14:15 en leerders wat nie aan aktiwiteite by die skool deelneem nie, moet so spoedig moontlik afgehaal word. Ons het tans ‘n probleem met kinders wat tussen die nasorgkinders is en dan elke keer gesoek moet word. Alle kinders wat nie betyds afgehaal word nie, moet vir hul eie veiligheid op die stoep by die graad 1-klasse wag. Die gedeelte is onder kameradekking en kan ons kan dan enige voorvalle na skool monitor, want daar is nie toesig vir die kinders nie. Inien u nie u kinders betyds kan afhaal nie, moedig ons u aan om u kind in te skryf by plekke wat nasorggeriewe het.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2020
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 29 Februarie 2020 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2020 ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 29 Februarie 2020**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorm móét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2019 toegestaan is, word na 2020 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam en verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTES VIR DIE WEEK:
Ons kinders is ons heel belangrikste natuurlike hulpbronne.
Herbert Hoover

As jy wil hê jou kinders moet hulle voete ferm op die grond hou, moet jy genoeg verantwoordelikhede op hulle skouers plaas.
Abigail Van Buren

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 17 Februarie	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30** Kuns graad 3: **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**
Di – 18 Februarie	:	Graad 4: museumuitstappie Krieket: 0/9 A+B teen Herbert Hurd **(t)** Tennis: senior B seuns teen Summerwood B **(w)** Tennis: junior seuns teen Clarendon A **(w)** Kindermusiek graad R: **13:00 – 13:30** Kuns graad 1 – 2: **13:30-14:30** Kuns graad 3: **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Wo – 19 Februarie	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** Krieket: 0/13A teen Charlo **(w)**
Do – 20 Februarie	:	Graad 5: museumuitstappie Krieket: 0/11A teen Charlo **(w)** Tennis: 0/10 dogters teen Summerwood **(w)** Besprekings open vir gesinskamp
Vr – 21 Februarie	:	Graad R-Tjokkerkapperjolle Bloedskenk mobiele-eenheid (by Tjokkerkapperjolle) Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Dance Kids ballet graad R: **09:45**

Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30**
Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**

Sa – 22 Februarie : Swem: C-Age Group Gala **(Collegiate)**

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
10 Februarie	0/13B	Grey	LNP kolf eerste en teken 61 lopies vir 9 paaltjies aan in 15 boulbeurte. Grey teken 62 lopies aan in 10 boulbeurte. LNP boul 4 uit maar verloor teen Grey
11 Februarie	0/9	Herbert Hurd	A-span wen met 1,1 lopie B-span verloor met 3,5 lopies
11 Februarie	0/11B	Grey	LNP kolf eerste en teken 62 lopies vir 9 paaltjies in 20 boulbeurte. Grey kolf tweede en teken 63 vir 5 paaltjies in 16 boulbeurte aan. LNP verloor met 6 paaltjies. Speler van die wedstryd: Anri Gouws met haar 1 paaltjie en pragtige veldwerk

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
11 Februarie	Senior seuns A	Charlo	LNP speel gelykop met 26 potte
11 Februarie	Junior A	Sonop	LNP verloor met 7 potte
11 Februarie	Seuns A	Mount Pleasant	LNP verloor met 14 potte
13 Februarie	Junior meisies	Collegiate A	LNP wen met 16 potte

ATTIE VAN WYK BYEENKOMS : RESULTATE

NAAM VAN ATLEET	ITEM	OUDERDOM	PLEK
Stefan Hart	60m 80m	0/8	3de 3de
Megan van Wyk	70m Hekkies	0/10	2de
Jano Janse van Vuuren	70m Hekkies Gewigstoot	0/11	3de 1ste
Mienke van der Merwe	70m Hekkies 1200m Hoogspring Verspring	0/11	2de 2de 1ste 2de
Kayla de Coning	75m Hekkies Verspring	0/13	2de 2de
Gerhard Dippenaar	1200m	0/10	3de
Amore Gerber	Gewigstoot	0/10	3de
Leonic Maree	Gewigstoot	0/11	3de
LJ Campher	Hoogspring	0/10	2de
Elri Smit	Hoogspring	0/10	1ste
Reece van Loggenberg	Gewigstoot	0/11	3de
Lincoln Kunneke	Gewigstoot	0/11	1ste
Jaundre Gouws	Gewigstoot	0/12	3de
Marissa Klue	Gewigstoot	0/12	3de
Nico Barkhuizen	Gewigstoot	0/13	2de

Baie dankie aan *elke* atleet wat deelgeneem het en hul *beste* gegee het!

SA KAMPIOENSKAPPE VIR UITVOERENDE KUNSTE

Me-Jean du Preez in graad 6H het Saterdag, 8 Februarie, aan die oudisies vir Kuns en Kultuur deelgeneem en is gekies vir die OP span. Baie geluk!